**Vrydag 2 Februarie**

| Skrifgedeelte: Hosea 1:1-12 | Fokusgedeelte: Hosea 1:10-12; 14:9d |
|---|---|

# God gee ons nooit prys nie; sy liefde brand te sterk

Om kinders se name te verander, is geen maklike taak nie. Skielik moet hulle gewoond raak aan nuwe name. In verse 1-9 lees ons hoe die Here opdragte gee. Ingrypende op-dragte. Trou met 'n prostituut. Noem jou seun Jisreël. Noem die dogter Sonder-ontferming. Noem die seun Nie-my-volk-nie. Alles sodat die volk kan hoor dat hulle ontrou is; dat God hulle in hulle ontrou oordeel, maar nog liefhet; dat Hy sy liefde vir hulle inperk; dat sy verbondsverhouding met hulle breek. Ingrypend en erg.

In vers 10-12 (wat in die Hebreeuse Bybel verse 1-3 van hoofstuk 2 is) kom die Here met 'n diepe troos om te sê dat Hy nie verwerp nie – sy liefde brand te sterk. Vers 10 begin met "tog" (1953-vertaling "nogtans") om te sê dat God ten spyte van alles ook die name in sy groot liefde verander. Nie-my-volk-nie word nie net verander na my-volk nie, maar inderdaad na kinders-van-die-Lewende-God, wat in 'n herstelde verbondsverhouding met Hom staan.

Jisreël se val sal groot wees en die menslike voortvarendheid waarin Israel in homself groot wil wees, sal omgedraai word sodat die ware eenheid weer herstel word. Herstelde eenheid wat in en deur die geloof in Christus en die werk van die Heilige Gees 'n lewende werklikheid word. 'n Lewende werklikheid waarin die ontferming van God vir elkeen toe-gesê word in 'n nuwe naam: "Dié vir wie daar ontferming is."

Moeilik om name te verander? Nie vir God nie! In Christus maak Hy ons deur sy Heilige Gees nuut! Sy belofte staan vas. *"Alles wat jy het, sal van My af kom"* (Hos. 14:9d).

*Sing: Psalm 50-1:3*

*Ds. MP Fourie (Emeritus)*